# HILLCREST HIGH SCHOOL

## GRAAD 10

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## NOVEMBER 2021

## VRAESTEL 3

**PUNTE: 100** **TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   **AFDELING A: 60 minute**
   **AFDELING B: 40 minute**
   **AFDELING C: 20 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**

10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 150-200 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, onder jou opstel neer.**

1.1 My troeteldier. [50]

1.2 Die mense wat in my straat bly. [50]

1.3 My gunsteling besitting. [50]

1.4 Daardie dag het ek groot geskrik! [50]

1.5 Drome kan tog waar word! [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL**: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



shutterstock.com · 1315841180

[50]

1.6.2




[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50 punte**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

**2.1 DIALOOG:**

Jy wil saam met jou maat en haar/sy ouers vir 'n naweek na die Drakensberge toe gaan. Jou ouers sê jy mag nie saamgaan nie.

Skryf die gesprek tussen jou en jou ouers neer. [30]

**2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF:**

Jy het 'n konsert bygewoon.

Skryf aan 'n vriend wat dit nie kon bywoon nie en vertel van die konsert. [30]

**2.3 TOESPRAAK:**

Jy is vir 'n nasionale sportspan gekies. Jou onderwyser het jou gevra om die klas meer daarvan te vertel.

Skryf die toespraak neer. [30]

**2.4 HULDEBLYK:**

'n Familielid van jou is onlangs oorlede en jy is gevra om die huldeblyk by die begrafnis te lewer.

Skryf die huldeblyk neer. [30]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

**3.1 DAGBOEKINSKRYWING:**

Jou ouers wil jou op vakansie neem na jou gunsteling plek/land.
Hulle het gesê dat jy 'n maat mag saamneem.

Maak 'n DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Die dag voor jy jou maat gaan vra en van die vakansie gaan vertel.
- Die dag nadat jy met jou maat gesels het. [20]

**3.2 UITNODIGING:**

Nooi jou vriend uit na jou sestiende verjaarsdagpartytjie.

Skryf die uitnodiging uit. [20]

**3.3 WHATSAPP:**

Jou ouma wil weet wat jy vir Kersfees wil hê.

Stuur vir haar 'n whatsapp en sê wat jy graag wil hê en hoekom jy hierdie spesifieke item wil hê. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL : 100**